



## **DIE ROL VAN DIE OUERKOMITEE**

### **Inleiding**

Die Ouerkomitee is 'n ADVIESkomitee vir die beheerraad. 'n Verteenwoordiger van die ouerkomitee moet verkieslik op die beheerraad dien. Die ouerkomitee bestaan net uit ouers van die kinders wat by die kleuterskool ingeskryf is. Die ouerkomitee neem belangrike sake van al die ouers na die beheerraad.

### **Doel**

Die doel en funksie van die ouerkomitee is om ouers van kinders wat by die kleuterskool geregistreer is, die geleentheid te bied om bystand te verleen in die ontwikkeling van aktiwiteite wat die behoeftes en belangstelling mbt die opvoeding van die kinders aanspreek.

Deelname van ouers is van kardinale belang. Die komitee word vanuit die ouers gekies tydens 'n ouervergadering.

### **Funksies van 'n ouerkomitee**

- ❖ Organiseer informele en sosiale funksies vir nuwe ouers
- ❖ Organiseer verwelkomingsgeleenthede vir nuwe kinders wat by die skool ingeskryf word
- ❖ Organiseer praatjies en sprekers wat vir ouers tydens ouervergaderings nodig sal wees
- ❖ Lewer ondersteuning by groot skoolfunksies
- ❖ Lewer bydraes tot die jaarverslag en ander nuusblaai van die kleuterskool
- ❖ Sien toe dat die curriculum van die kinders gevolg word
- ❖ Organiseer Fondswerwingsgeleenthede vir die kleuterskool

### **Hoof verantwoordelikhede van die ouerkomitee**

- Moedig ouers aan om betrokke te raak by kleuterskool-aktiwiteite
- Adviseer die beheerraad rakende dringende sake
- Adviseer die beheerraad rakende enige inligting wat belangrik sal wees om te hanteer
- Gee behoeftes van die kleuterskool en die program wat gevolg word aan die beheerraad deur, wanneer nodig



### **Bywoning van die ouerkomitee**

Enige ouer is welkom om 'n saak op die agenda van die ouerkomitee te plaas en om die ouerkomitee by te woon. Die ouerkomitee het die reg om persone vir take te koöpteer soos bv by fondswerwing en uitstappie-beplanning.

### **Die rol van die ouerkomitee tot die beheerraad**

Die ouerkomitee moet gesien word as 'n verlengstuk van die beheerraad om sake spoedig en deeglik af te handel. Die ouerkomitee sal situasies en sake dus deurtrap/werk en dan met aanbeveling na die beheerraad neem.

Verkieslik moet die ouerkomitee voor die beheerraadsvergadering vergader.

Die ouerkomitee is ook die ideale plek waar klagtes vanaf ouers uitgesorteer behoort te word.

### **Finansies**

Die ouerkomitee hanteer nie self die finansies nie. By aktiwiteite soos fondswerwing sal die normale roete van die kantoor se finansies gevolg word.

Die ouerkomitee kan aanbevelings maak tov verhoging in klasgelde of uitstappies ens.